

## HOOFSTUK 5

### METODE VAN ONDERSOEK EN DIE VERWERKING VAN GEGEWENS

#### 5.1 INLEIDING

Uit navorsing blyk dit dat daar in die onderwysberoep 'n baie hoër vlak van werkstres aangetref word as in die meeste ander beroepe (Blackburne, 1990:4). Ongeveer een vyfde tot een derde van die onderwysers beskryf hul beroep as baie stresvol of uiters stresvol (Claxton, 1989:30). Werkstres het op die onderwyser sowel as die leerders 'n negatiewe impak. Daarom is dit 'n probleem vir die individuele onderwyser, die leerders, die skool, die onderwysprofessie en die onderwysstelsel (Rigby, Bennet & Boshoff, 1996:38).

In die lig hiervan mag daar 'n behoefte by onderwysers bestaan om hulp te ontvang in die hantering van werkstres binne klasverband. Die onderwysers sal dit verwelkom, indien die skoolstruktuur voorsiening sou maak vir hulp en ondersteuning in dié verband. Die feit dat daar nog nie sodanige begeleidingsprogram in skole geïmplementeer is nie, skep die moontlikheid van 'n unieke, dinamiese en noodsaaklike hulpverlening- en ondersteuningstruktuur vir die behoeftes van die onderwyser in hierdie verband.

Ten einde in bogenoemde behoefte te voorsien, het die navorser probeer om, op grond van verkreeë empiriese gegewens, 'n sodanige program daar te stel vir implementering deur onderwysers binne klasverband.

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die keuse van die navorsingsontwerp, tegnieke van die empiriese ondersoek, asook die geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsontwerp.

Die klassifikasie van begeleidingsprogramme, die ontwerp en toepassing van 'n begeleidingsprogram vir gebruik deur onderwysers ten opsigte van die werkstres wat binne

klasverband ervaar word, sowel as die implementering van en vorm wat die program sal aanneem, sal volledig in hierdie hoofstuk behandel word.

## **5.2 KEUSE VAN DIE NAVORSINGSONTWERP**

Volgens Mouton en Marais (in Cilliers 1989:152) bepaal die navorsingsdoelstelling grootliks die keuse van 'n navorsingsmetode.

In die onderhawige studie is daar kwantitatief te werk gegaan. Die begroonde teorie navorsing wat 'n induktiewe navorsingstechniek is, is gebruik. Hierdie teorie is sinvol om te gebruik wanneer die navorser wil ontdek watter probleme in 'n sosiale situasie (klassituasie) bestaan en die prosesse wat mense gebruik om dit te hanteer (Denzin & Lincoln, 1994:230).

Hierdie navorsing is 'n opname-navorsing, waar 'n behoeftebepaling gedoen word deur 'n oop vraag aan die onderwysers te stel aangaande die frustrasies waarmee hulle in die klassituasie gekonfronteer word. Die empiriese ondersoek behels die opstel van 'n vraelys wat as voortoets en natoets dien.

### **5.2.1 Die universum**

De Wet, *et.al.* (1981:112) definieer bogenoemde begrip soos volg: “ Die universum is die omvattende versameling waarop navorsing betrekking het”. Vir die doel van hierdie ondersoek verwys die universum na alle blanke onderwysers in die sekondêre skole, wat onderhewig is aan werkstres wat veroorsaak word deur faktore in die klassituasie.

Die navorser het skoolhoofde vooraf geskakel ten einde toestemming te verkry om toegang tot die onderwysers te mag hê sodat 'n behoeftebepaling gedoen kan word aangaande faktore wat aanleiding tot werkstres in die klassituasie mag veroorsaak. Hierna is gekonsentreer op skole waarvan die hoofde toestemming gegee het en die onderwysers bereid is om deel te neem aan die navorsing. Twee sekondêre skole, waaruit 38 proefpersone geïdentifiseer is, is in die navorsing betrek. Dit dien daarop gewys te word

dat bogenoemde seleksie om geen diskriminerende redes van stapel gestuur is nie, egter wel om 'n duidelike effektiewe begrensing vir navorsing te stel. Die betrekking van ander kultuurgroepe impliseer 'n unieke veld vir navorsing wat nie binne die raamwerk van hierdie studie geakkommodeer kan word nie.

### **5.2.2 Die bereikbare universum**

Bogenoemde universum is bereik deurdat onderwysers vrywillig deelnemend by die ondersoek betrek is. Geen onderwyser mag verplig word om aan die ondersoek deel te neem nie, omdat dit in hierdie geval oneties sal wees.

### **5.2.3 Groepstoepassing**

In die onderhawige studie is daar van groepstoepassings gebruik gemaak, omrede dit die ongestruktureerde onderhoud en die afneem van gestruktureerde opnamevraelyste vergemaklik. Die rede vir die keuse van groepstoepassing, is dat daar telkens 'n eensoortige groep hanteer word. Aangesien slegs een persoon benodig word vir die afneem van opnamevraelyste, in dié geval die navorser, is die tydsduur per vraelys ekonomieser as die persoonlike onderhoud, waartydens slegs een proefpersoon op 'n slag geakkommodeer kan word.

Die tweede rede vir die keuse van groepstoepassing is die feit dat die navorser deurentyd in beheer is van die voltooiing van die vraelyste is, aldus Huysamen (1995:155). Gevolglik is dit die rede waarom die responskoers van feitlik honderd persent haalbaar was. 'n Derde voordeel van die keuse van groepstoepassing is die mate van outonomieit wat hiermee gepaard gaan.

## **5.3 TEGNIEKE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

Data-insameling vir die voltooiing van die empiriese ondersoek het geskied aan die hand van die ongestruktureerde, oopvraag-onderhoudmetode waar die behoeftes van onderwysers

aangaande die situasie in die klaskamer wat tot werkstres mag aanleiding gee, geïdentifiseer is. 'n Vraelys op grond van hierdie geïdentifiseerde behoeftes – frustrasies wat die onderwyser in die klassituasie ervaar – is tydens die behoeftebepaling, opgestel.

Die vrae wat in die vraelys voorkom, is realiteitsvrae wat die onderwyser bewus maak van die huidige situasie in die klaskamer en die elemente wat moontlik tot werkstres mag aanleiding gee.

### **5.3.1 Die vraelys as keuse van ondersoek**

Ten einde doelstellings te bereik, is die opnamevraelys as hoofnavorsingsinstrument gebruik en wel om die volgende redes, soos aangevoer deur Jenneke (1990:54) en Huysamen (1995:155,156):

- die vraelys hou die voordeel in dat dit tydbesparend is;
- die vraelyste kan op groter groepe toegepas word as wat met die persoonlike onderhoude die geval is;
- die navorser is in beheer van die voltooiing van vraelyste ten einde optimale responskoers te verseker;
- opnamevraelys kan gelyktydig by die hele groep afgeneem word;
- slegs een lokaal word benodig, aangesien die navorser 'n groep onderwysers gelyktydig op een plek hanteer;

Soos in hierdie navorsing blyk, is die opnamevraelys die enigste empiriese navorsingsinstrument wat gebruik word, wat dit moontlik maak om veral retrospektief te besin oor die faktore wat werkstres by die onderwyser veroorsaak.

### **5.3.2 Die Likert-skaal**

Volgens Huysamen (1995:128) is 'n houding 'n ingesteldheid teenoor 'n bepaalde aangeleentheid, die sogenaamde houdingsobjek, wat vatbaar is vir beïnvloeding. Van die

vier verskillende houdingskaale het die navorser onder andere die Likert-skaal gebruik vir die afneem van vraelyse. Hierdie skaal bestaan uit 'n versameling stellings oor die houdingsobjek en ten opsigte van elkeen van hierdie stellings moes die proefpersone op 'n vyfpuntskaal die mate aandui waarin hulle geaffekteer word, byvoorbeeld:

1. geen
2. weinig
3. redelik
4. baie
5. uitermatig baie

### **5.3.3 Die samestelling van die vraelys**

#### ***5.3.3.1 Motivering van die inhoud***

Die verkenning van beskikbare en relevante literatuur (hoofstuk 2 en 3) het die ondersoeker in staat gestel om vraagtemas te identifiseer wat die essensie van die ondersoekveld verseker. Met die oog op die nadere presisering van die vraagtemas is sterk gesteun op die kennis van ander kundiges op die gebied van werkstres wat deur die onderwyser binne klasverband ervaar word.

Die vraelys bestaan uit negentien items wat tydens die behoeftebepaling deur onderwysers en die literatuur saamgestel is. Die items is gebaseer op die frustrasies waarmee die onderwyser daaglik in die klassituasie gekonfronteer word. Daar is 'n twintigste vraag bygevoeg ter evaluering van die wyse waarop die vraelys beantwoord is. Daarop moet gelet word dat al die items wat die onderwysers tydens die behoeftebepaling weergegee het, as problematies beskou word.

### 5.3.3.2 *Konstruksie van die vraelys*

Soos reeds vermeld, het die navorser se keuse vir geskikte vraagtipes onder andere op die gestruktureerde of geslotevorm-vraagtipe, naamlik die Likert-skaal geval, wat voorsiening maak vir responsalternatiewe waar die respondent 'n keuse kan uitoefen. Die nadeel wat ten opsigte van hierdie vraagtipe geïdentifiseer is, is dat dit die respondent beperk in die beantwoording van vrae en gedwing word om alternatiewe uit die aangebode responsmoontlikhede te kies. Die voordeel hiervan is dat dit 'n vergelykbare basis skep vir die implementering van gegewens, aldus Huysamen (1995:129).

Konsepvraelyste is aan twee groepe voorgehou (die kontrole- en eksperimentele groep) vir voortoetsing met die oog op:

- die identifisering van moontlike tekortkominge en die herstrukturering en verbetering daarvan;
- die identifisering van enige probleme ten opsigte van die afneem van die vraelyste deur die navorser;
- die vasstelling van die tydsbestek in beslag geneem deur die voltooiing van vraelyste.

Tydens die data-insameling van veranderlikes, moes die respondent 'n keuse maak in welke mate elke item hom/haar beïnvloed. Hierdie vrae het deurgaans van vraag 1 tot 20 gestrek.

Item 1-19 van die vraelys spreek die faktore aan wat vir werkstres by die onderwyser verantwoordelik is. Vraag 20 dien as 'n evalueringsvraag om te bepaal of die onderwyser die vraelys met volle integriteit voltooi het.

Vervolgens word 'n voorbeeld van die vraelys weergegee soos dit as voortoets en natoets gebruik is.

## OPNAME VAN WERKSTRES IN DIE KLASSITUASIE

**INSTRUKSIES:** Die volgende is stresverwante faktore in die klassituasie. Dui op 'n skaal van 1 tot 5 aan in welke mate hierdie faktore vir u werkstres verantwoordelik is.

**SKAAL:** 1 (geen) 2 (weinig) 3 (redelik) 4 (baie) 5 (uitermatig baie)

<b>STRESVERWANTE FAKTORE</b>	<b><u>Hoeveelheid stres</u></b>
1. Ongedissiplineerde leerders	1 2 3 4 5
2. Huiswerk onvolledig of glad nie gedoen	1 2 3 4 5
3. Ongemotiveerde leerders in die klas	1 2 3 4 5
4. Geen leerkultuur by leerders aanwesig nie	1 2 3 4 5
5. Onbetrokkenheid van leerders in die klas	1 2 3 4 5
6. Vandalisme in die klaskamer	1 2 3 4 5
7. Studiemateriaal wat by die huis vergeet word	1 2 3 4 5
8. Leerders wat nie in die klas oplet nie	1 2 3 4 5
9. Leerders wat geraas maak	1 2 3 4 5
10. Afwesigheid van leerders	1 2 3 4 5
11. Gesaghebbendes (personeel) word nie gerespekteer nie	1 2 3 4 5
12. Negatiewiteit van leerders	1 2 3 4 5
13. Oorvol klasse	1 2 3 4 5
14. Leerders wat onderpresteer	1 2 3 4 5
15. Die toepassing van dissipline in die klaskamer	1 2 3 4 5
16. Multikulturele klasgroeperinge	1 2 3 4 5
17. Kurrikulum wat voortdurend verander	1 2 3 4 5
18. Swak samewerking van ouers	1 2 3 4 5
19. Te groot werkslading	1 2 3 4 5
20. Mate van stres wat ervaar word	1 2 3 4 5

#### **5.3.4 Algemene inligting in verband met die afneem van vraelyste**

Vraelyste is self deur die navorser by die onderwysers afgeneem, soos vermeld (vergelyk 5.2.3) en wel tussen 14 en 18 Junie 1999.

Die instruksies en vrae op elke vraelys is deur die navorser self voorgelees, ten einde enige onsekerheid en onduidelikheid uit die weg te ruim. Ten einde betroubare response te verseker, moes elke respondent sy/haar voltooide vorm direk aan die navorser oorhandig.

Voorts is die gegewens van die vraelyste deur 'n professionele statistikus met behulp van die rekenaar verwerk. Die totale navorsingsdata sal later kwantitatief aangebied word met identifisering van opvallende tendense.

##### ***5.3.4.1 Toepassing van die vraelys***

Hierdie vraelyste word per hand deur die navorser aan die respondent oorhandig en weer dadelik na voltooiing ingeneem. Dit verseker dat alle vraelyste terug ontvang word en ook die hoogste responskoers verkry word. Die navorser moet die vrae telkens aan die respondente voorlees en verduidelik waar onsekerheid en wanbegrip voorkom om te verseker dat alle onduidelikhede uit die weg geruim word.

##### ***5.3.4.2 Enkele leemtes van die vraelys as keuse van ondersoek***

Daar is 'n enkele probleem met die vraelys as keuse van ondersoekmetode ondervind.

- By skole waar 'n pouse van tien minute ingeruim is vir die beantwoording van vraelyste, moes sommige onderwysers hulle haas om dit binne die tydsbestek te voltooi.



## **5.4 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE NAVORSINGSONTWERP**

### **5.4.1 *Inleiding***

Daar blyk geen wyse te wees waarop die ondersoeker kan verseker dat respondente 'n vraelys met die nodige erns benader nie. Die navorser is egter daarvan oortuig dat respondente hul heelhartige samewerking gegee het. Dit kan toegeskryf word aan die erns en sorgsaamheid waarmee die vraelyste beantwoord is, asook die tipe vrae deur respondente gestel tydens die voltooiing van vraelyste, asook die feit dat die navorser self as afnemer opgetree het en die erns van die saak aan die proefpersone kon oordra.

### **5.4.2 *Interne geldigheid***

Volgens Huysamen (1995:33) is interne geldigheid die mate waarin veranderinge aan die onafhanklike veranderlike eerder as aan ander veranderlikes toegeskryf kan word.

### **5.4.3 *Ekologiese geldigheid***

Met ekologiese geldigheid word bedoel die mate waarin die verkreeë resultate na omstandighede wat reeds deur die navorsingshipotese geïmpliseer word, veralgemeen kan word, aldus Huysamen (1995:35).

### **5.4.4 *Populasiegeldigheid***

Met populasiegeldigheid word verwys na die mate waarin die verkreeë resultate wat vir die oop-steekproef verkry is, veralgemeen kan word na die populasie waarop die navorsingshipotese van toepassing is (Huysamen, 1995:35).

#### **5.4.5 Keuse van die veldwerker**

Die geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelys kan verhoog word indien daar slegs een veldwerker is, aldus Mouton en Marais (in Cilliers, 1989:154). Die navorser het derhalwe besluit om self met alle veldwerk gemoeid te wees. Dieselfde instruksies is telkens aan die onderwysers voorgehou ten einde dieselfde verbale oordrag aan elke individu te voorsien.

#### **5.4.6 Loodsonderoek**

'n Loodsondersoek op 3 Mei te Rustenburg het die implementering van die vraelyste voorafgegaan ten einde die nodige verfyning en verbetering dienooreenkomstig aan te bring. Slegs een oop vraag is by die loodsondersoek geïnkorporeer wat alle aspekte van die vraelys omvat. 'n Loodsondersoek kan bydra om die algemene geldigheid en betroubaarheid te verhoog, aldus Manheim (in Cilliers 1989:155).

#### **5.4.7 Kontrolering en verwerking**

Die nasien en kontrolering van die resultate – met behulp van die vraelys wat as voortoets en natoets dien - is so noukeurig as moontlik gedoen ten einde die korrektheid van gegewens te verseker. Die navorser het elke voltooide vraelys nagegaan ten einde na volledigheid en korrektheid om te sien. Statistiese verwerkings is deur die statistiese konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedoen.

### **5.5 DIE VERWERKING VAN GEGEWENS**

Vervolgens gaan die resultate van die empiriese ondersoek wat verkry is, bespreek word aan die hand van die navorsingsvrae en statistiese verwerkings.

### 5.5.1 Statistiese verwerkings

Daar is van gemiddeldes gebruik gemaak om effekgroottes tussen die eksperimentele en kontrole groepe te bereken, ten einde te bepaal of die groepe prakties betekenisvol van mekaar verskil by aanvangs van ondersoek. Dit word gedoen ten einde te verseker dat indien latere gevolgtrekkings gemaak word daar nie twyfel kan bestaan of daar aanvanklik verskille in stresvlakke was nie. Bv. was die eksperimentele groep nie dalk klaar aan meer stres onderworpe nie of andersom?. Gemiddelde verskille gaan ook gebruik word om die effekgroottes binne die groepe (kontrole- en eksperimenteel) te bereken om te sien of die begeleidingsprogram wel die onderwyser begelei om werkstres te hanteer binne die klassituasie. Dit wil sê om vas te stel of die eksperimentele groep se stresvlakke wel prakties betekenisvol gedaal het na afhandeling van die begeleidingsprogram.

#### 5.5.1.1 Die vraelys

Die doel van 'n vraelys ten opsigte van die voorgenome studie is om te meet of die onderwyser werkstres ervaar. Die inhoud van die vraelys is verkry uit die literatuur en die onderwysers tydens 'n behoeftebepaling. Hierdie vraelys sal as voortoets en na-toets dien ten einde te bepaal of die begeleidingsprogram - wat saamgestel is om onderwysers te begelei ten einde werkstres te verlig - effektief is. Die vraelys moet oor 'n alfa cronbach- waarde met 'n minimum van 0,5 beskik om geldig te wees. In hierdie geval beskik die selfopgestelde vraelys oor 'n alfa cronbach-waarde van 0,86 wat daarop dui dat die vraelys geldig is en kan bepaal of die onderwyser (proefpersone) werkstres ervaar.

#### 5.5.1.2 Die proefpersone

Die volgende tabelle is 'n aanduiding van die gemiddeldes wat verkry is by beide die eksperimentele en kontrole groepe om daarmee die effekgroottes tussen die groepe (proefpersone) te bereken deur van 'n d-waarde gebruik te maak (Cohen, 1977).

Tabel 5.1 Gemiddelde gewig toegeken vir elke vraag (voortoets) om effekgroottes tussen groepe te bereken

EKSPERIMENTELE GROEP

<u>Veranderlike</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Stand. Afwyking</u>
V1	17	4.352	0.606
V2	17	3.647	0.701
V3	17	3.647	0.931
V4	17	3.764	0.752
V5	17	3.588	0.714
V6	17	4.058	0.966
V7	17	3.529	0.624
V8	17	3.588	0.618
V9	17	4.000	0.866
V10	17	2.472	1.007
V11	17	4.000	0.866
V12	17	3.647	0.861
V13	17	3.705	1.046
V14	17	3.000	0.790
V15	17	3.470	1.067
V16	17	2.117	1.111
V17	17	2.058	0.899
V18	17	2.941	1.028
V19	17	3.294	1.311
TOTV	17	64.882	6.575

Tabel 5.1

<u>KONTROLEGROEP</u>			
<u>Veranderlike</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Stand. Afwyking</u>
V1	15	4.266	0.883
V2	15	3.400	0.985
V3	15	3.800	0.861
V4	15	3.866	1.060
V5	15	3.800	0.774
V6	15	2.933	1.579
V7	15	3.333	0.975
V8	15	3.733	0.883
V9	15	3.800	1.146
V10	15	2.933	1.099
V11	15	3.533	1.125
V12	15	3.933	0.798
V13	15	2.933	1.279
V14	15	2.866	1.060
V15	15	2.933	1.387
V16	15	1.600	1.055
V17	15	1.533	1.125
V18	15	2.800	1.320
V19	15	4.000	1.195
TOTV	15	62.000	8.577

\* **Ontleding en vertolking**

Daar is gekyk of die proefpersone van die eksperimentele- en kontrolegroep betekenisvol van mekaar verskil (tabel 5.1). Die d-waarde is 'n aanduiding hiervan. Let wel by die kontrolegroep is slegs 15 proefpersone omrede van hulle nie met die navorsing kon voortgaan nie.

Die d-waarde word bepaal deur die kontrolegroep se gemiddelde waarde af te trek van die eksperimentele groep se gemiddelde waarde en die antwoord wat verkry is deur die grootste standaardafwyking van die eksperimentele- of kontrolegroep te deel. Wanneer die d-waarde 0,2 is, is daar 'n klein effek; 0,5 dui op 'n medium effek en 0,8 dui op 'n groot effek tussen die gemiddeldes van die veranderlikes. Indien  $d > 0,8$  is die effek prakties betekenisvol. Die d-waarde is bereken op die gemiddeld van die som van die totale veranderlikes wat gebruik is en daar is verkry dat:  $d = 0,3$ . Dit beteken dat daar in effek nie 'n beduidende verskil tussen die twee groepe se aanvanklike stresvlakke was nie.

### *5.5.1.3 Die begeleidingsprogram*

Soos reeds vermeld, is die doel van die begeleidingsprogram om onderwysers wat werkstres in die klassituasie ervaar as gevolg van ontwrigtende gedrag wat deur leerders voortgebring word, te verlig. Daar moet egter statisties te werk gegaan word om te bepaal of die begeleidingsprogram sy doel dien.

Tydens die statistiese verwerkings van die data is daar bepaal of die begeleidingsprogram as strategie gebruik kan word om ontwrigtende gedrag in die klaskamer te bestuur. Die bepaling van die effektiwiteit van die begeleidingsprogram op die funksionering van onderwysers met stres as gevolg van ontwrigtende gedrag in die klassituasie gaan ook beantwoord word. In die volgende tabel verskyn die berekening van die gemiddelde verskille om effekgroottes binne die eksperimentele- en kontrolegroep te vergelyk.

In tabel 5.2 gaan die effekgroottes tussen die voortoetse en na-toetse voorgestel en bespreek word en die resultate wat daaruit verkry gaan word, sal ontleed en vertolk word op grond van die effektiwiteit van die begeleidingsprogram. Ten einde te bepaal of daar 'n verskil in die stresvlak van die na-toets was, is elke proefpersoon se nameting telkens van sy voormeting afgetrek.

Tabel 5.2 Gemiddelde verskille om die effekgroottes binne groepe te bereken

EKSPERIMENTELE GROEP

<u>Veranderlike</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddelde verskil</u>	<u>Stand. Afwyking</u>
VSKVN1	17	1.294	0.919
VSKVN2	17	0.823	0.882
VSKVN3	17	1.117	1.166
VSKVN4	17	0.941	1.088
VSKVN5	17	1.058	1.088
VSKVN6	17	1.647	1.271
VSKVN7	17	0.705	1.104
VSKVN8	17	1.058	0.747
VSKVN9	17	0.941	1.197
VSKVN10	17	0.294	0.919
VSKVN11	17	1.705	1.159
VSKVN12	17	0.941	0.747
VSKVN13	17	1.294	1.490
VSKVN14	17	0.470	1.007
VSKVN15	17	1.117	0.992
VSKVN16	17	0.294	1.311
VSKVN17	17	0.411	1.064
VSKVN18	17	0.764	1.091
VSKVN19	17	0.823	1.286
VSKTOTVN	17	17.705	12.117

Tabel 5.2

KONTROLEGROEP

<u>Veranderlike</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddelde verskil</u>	<u>Stand. Afwyking</u>
VSKVN1	15	0.533	0.833
VSKVN2	15	0.200	1.082
VSKVN3	15	0.133	0.833
VSKVN4	15	0.400	0.985
VSKVN5	15	0.266	0.961
VSKVN6	15	-0.066	1.709
VSKVN7	15	0.266	1.334
VSKVN8	15	0.200	0.941
VSKVN9	15	0	1.069
VSKVN10	15	-0.333	1.290
VSKVN11	15	0.333	1.112
VSKVN12	15	0.600	1.242
VSKVN13	15	0.533	1.597
VSKVN14	15	-0.200	1.264
VSKVN15	15	0.133	0.990
VSKVN16	15	-0.133	1.302
VSKVN17	15	-0.200	1.082
VSKVN18	15	0.133	1.302
VSKVN19	15	0.400	1.404
VSKTOTVN	15	3.200	6.656



### 5.2.2 Ontleding en vertolking

Tabel 5.2 is 'n voorstelling van die berekening van die effekgroottes binne die kontrole- en eksperimentele groepe. Die voortoets en natoets is gebruik om die verskille tussen die veranderlikes (die voortoets en na-toets van die eksperimentele groep en die voor- en natoets van die kontrole groep) te bepaal ten einde te bepaal of die begeleidingsprogram effektief is of nie. Die effekgrootte word soos volg beoordeel: 0,2 dui op 'n klein effek, 0,5 dui op 'n medium effek en 0,8 dui op 'n groot effek. Die effek waarvan hier gepraat word, dui op die effektiwiteit van die begeleidingsprogram en in hierdie geval moet die effekgrootte 0,8 of meer wees vir die begeleidingsprogram om prakties betekenisvol te wees.

Nadat die effekgrootte bereken is, is 'n effekgrootte van die eksperimentele groep 1,46 en die kontrolegroep 0,48 vasgestel. Die eksperimentele groep is die groep wat die begeleidingsprogram gevolg het en daar is 'n effekgrootte van 1,46. Die kontrolegroep is die groep wat werkstres ervaar, maar geen begeleiding ontvang het ten opsigte van die hantering van ontwrigtende gedrag in die klaskamer nie en het 'n effekgrootte van 0,48.

Die gevolg is dat die begeleidingsprogram vir die hantering van werkstres in die klassituasie en veral die hantering van ontwrigtende gedrag in die klaskamer, baie effektief was en van praktiese belang.

Die hipotese word aanvaar omrede die begeleidingsprogram in sy doel geslaag het om onderwysers wat werkstres binne klasverband ervaar te begelei.

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die keuse van die navorsingsontwerp, tegnieke van die empiriese ondersoek, geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsontwerp, klassifikasie van die begeleidingsprogram, die samestelling van die begeleidingsprogram, sowel as die implementering en vorm wat die program uiteindelik sal aanneem.

Die resultate van die empiriese ondersoek en die statistiese verwerking van data ondersteun die empiriese ondersoek ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid van die wyse waarop data-insameling en data-verwerking plaasgevind het.

In hoofstuk 6 word die samevatting, die gevolgtrekkings en aanbevelings aangaande hierdie studie aangebied.